

Jesus se bloed spreek beter dinge



2026-09-06
AGS Rayton
Past Gustav van Aardt



Jesus se bloed spreek beter dinge

Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

and to Jesus, the Mediator of a new covenant [uniting God and man], and to the sprinkled blood, which speaks [of mercy], a better and nobler and more gracious message than the blood of Abel [which cried out for vengeance].

Hebrews 12:24 (Amp)

en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water **en die bloed**, en die drie is eenstemmig.


1Jn 5:8



Wat roep Abel se bloed

Gen 4:10 En Hy sê: Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af.

- Abel se bloed beskuldig
- Abel se bloed het toorn opgeroep.
- Dit lei tot straf en 'n brandmark.
- Dit lei tot die dood.



Wat is hierdie beter dinge wat Jesus se bloed roep?

en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.
Heb 12:24

- Jesus Christus se bloed pleit om barmhartigheid en genade.
- Christus se versoenende liefde en vergifnis.
- Vrypraak en redding.
- Dit lei tot lewe.



Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

1. Ons vyand die duiwel

SATAN

En hulle het hom oorwin deur die **bloed** van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. Openb 12:11

- Dit sê hy is oorwin.
- Dit sê sy magte is ontwapen en hy is in die openbaar tentoongestel. (Kol 2:15)
- Dit sê die kinders van God is veilig (soos Israel was in Egipte)
- Dit sê vir Satan dat ons sondes uitgedelg is. (Rom 4:7)

nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.
Kol 2:15

Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

2. Engele

Deur die geloof het hy die pasga gehou en die besprenkeling van die bloed, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie.

Heb 11:28



Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

3. Ons as gelowiges (kinders van God)

- In die nuwe Verbond is daar geen veroordeling as ek in Christus is nie. (Rom 8:1)
- My sonde en ongeregtigheid is vergewe en bedek onder die bloed.
- My skuld voor God is betaal, en dat Hy nooit weer aan my sonde en oortredings dink nie. (Heb 10:17)
- Ek is en leef nou naby aan Jesus.

Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.
Ef 2:13

Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

3. Ons as gelowiges (kinders van God)

- Sy bloed getuig vir my. (1 Joh 5:8)
- Ek kan met vrymoedigheid na God se heiligdom gaan en in Sy teewoordigheid verskyn. (Heb 10:22)
- Ons wandel in die lig en staan in 'n besondere verhouding met mekaar. (1 Joh 1:7)
- Ons is gereinig van alle sondes. (1 Joh 1:7)

Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
1 Joh 1:7

Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

4. Die ongelowige

- Net die bloed van Jesus Christus kan jou ontsondig en reinig.

Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.
Jes 1:18

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
1 Joh 1:9

Tot wie en wat spreek die bloed van Jesus?

5. God die Vader

- Jesus is die Hoëpriester wat met sy eie bloed in die hemel ingegaan het in God se teenwoordigheid.
- Jesus is die een-maal-vir-altyd-Paaslam.

ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.
Heb 9:12

Heb 12:24 en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.



Dit is volbring!!

Beter dinge vir ons!!

Nagmaal

